

**Die twee donkies, Martin en Sophie (regs agter hom), het gister gewys hoe maklik dit is om die nuwe soort donkiekarre van die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde en die Tshwane-universiteit van Tegnologie te trek.** Foto: THEANA CALITZ

# Donkiekar-projek mik na 2010

Carla Mouton

O, die donkie is (steeds) 'n wonderlike ding!

Openbare vervoer in die landelike gebiede gaan eersdaags moontlik 'n groot hupstoot kry met 'n donkiekar-projek wat binnekort voltooi word.

Dié langoor-projek van die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde en die Tshwane-universiteit van Tegnologie (TUT) gaan ook onder meer sorg dat toeriste tydens die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi in die landelike gebiede maklik rondgekarwei kan word.

Sedert die begin van die jaar is twee verskillende soorte liggewig-donkiekarre ontwerp en deur die meganiese ingenieurstudente van TUT gebou. 'n Vyfdejaar veeartseny-student, mnr. Nico Benadé, het op sy beurt 'n harnas ontwerp wat donkievriendelik is en hulle nie skaaf nie.

Prof. Cheryl McCrindle, afdelingshoof van veeartsenykundige openbare gesondheid by die fakulteit, sê die projek gaan na donkies se gesondheid omsien en ook baie werkgeleenthede skep.

> "Ons wil egter eers 'n beleid uitwerk oor wat mense moet weet as hulle 'n donkiekarlisensie wil kry."

"Donkies word al 400 jaar lank in Suid-Afrika gebruik, maar dit is nie 'n wetenskaplike ding nie – die karre lyk nog dieselfde.

"Ek wou lankal 'n donkiekar ontwerp wat lekker is vir die donkies om te trek."

McCrindle sê 'n iemand met 'n donkiekar kan maklik R4 000 'n maand verdien as hy sy donkies minder as tien dae per maand gebruik.

"Om 'n donkiekar vir 'n naweekdag te huur, kos R500. En donkies eet maar 40 kg perdekonsentraat per maand, wat R130 kos, en R250 se hooi as hy nie wei ook nie. En dié koste is as jy die donkie elke dag gebruik."

Met die hoë brandstofpryse is 'n donkiekar ook bekostigbare vervoer in landelike gebiede.

Volgens McCrindle is donkies ook baie omgewingsvriendelik, omdat hulle min mis.

"Dié mis stink nie, jy kan dit brand, beeste kan dit eet of jy kan dit met water meng en in jou groentetuin inwerk. Dít is nie die geval met bees- of hoendermis nie, want daar is min goggas in donkiemis."

Die twee soorte donkiekarre, 'n tweesitplek en viersitplek, gaan nou vir die volgende ses maande deur die veeartsenystudente getoets word om vas te stel of dit enige nadele vir donkies inhou.

Mnr. Fanie Mmolawa, 'n entrepreneur, het ook intussen gevra of hy klein ondernemings in landelike gebiede kan oprig om donkiekarre aan die publiek te verskaf.

"Ons wil egter eers 'n beleid uitwerk oor wat mense moet weet as hulle 'n donkiekarlisensie wil kry.

"Die ouens wat die karre wil koop, moet eers vir 'n kursus gaan sodat hulle weet hoe om die donkies te hanteer," sê McCrindle.

Naweek-Beeld, 2007/11/24, p11